HIGHGATE OSTRICH FARM south africa

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com www.edenbiathlon.co.za

*"Eden Sport Federation of the Year 2019"*

2022.04.12

## NUUSBRIEF 2/22

Eden Tweekamp het in Oktober `n nuwe era betree met nuwe afstande en ouderdomsgroepe vir vele atlete, ouers en selfs beamptes was dit `n groot aanpassing, daar was `n paar struikel blokke in die seisoen maar die bestuur en die res van die Eden Tweekamp familie het soos voorheen saam gestaan mekaar ondersteun en een ongelooflike seisoen gehad na Covid ons beroof het van twee jaar se tweekamp.

Die volgende behoort gemeld te word:

- ‘n Hele paar nuwe bestuurslede het in hulle nuwe posisies `n groot verskil gemaak en die Voorsitter Stephnie McKay bygestaan gedurende die seisoen: Jacques Koen [vise-voorsitter], Leana Robinson [vise-voorsitter] Jana Botha [Spanbestuurder] en die ou hande soos Yvonne McKay wat as mentor steeds dien vir die jonger garde soos sy dit noem en ons operasionele bestuurder Dave van der Walt wat nie net dien as die operasionele bestuurder nie maar `n mentor en adviseer op menige plekke.
- **HIGHGATE Interprovinsiaal** het op 5 Februarie plaas gevind op Oudtshoorn WP was vanjaar ons vennoot in die aanbieding daarvan. Eden het skitterend gevaar by hierdie byeenkoms met 12 medaljes [4 Goud, 5 Silwer, 3 Brons] en boonop was Benjamin Bond as Junior Victor Ludorem aangewys en Outeniqua Hoërskool as die Hoërskole Kompetisie wenners en George-Suid tweede in die Laerskole kompetisie.
- Die **SA Kampioenskappe** het 1/2 April 2022 in Port Elizabeth plaas gevind met `n rekord getal deelnemers in die geskiedenis 865 atlete van 14 provinsies waar Eden `n span van 90 atlete gehad het. Eden het `n suksesvolle SA kampioenskappe gehad en spog met twee goue medaljes, 4de algeheel [mis die derde posisie slegs met een atleet se punte], Junior Victor Ludorem [ Benjamin Bond] en Outeniqua as beste tweekamp hoërskool in die land. Beide HLS Oakdale en George-Suid LS behaal puik vierde plekke! Yvonne McKay het ook `n SA toekening ontvang vir jare lange diens in die sport iets om voorwaar op trots te kan wees. Stephnie McKay word ook weer verkies as nasionale keurder.
- Eden Tweekamp beoog om `n kortbad winterliga aan te bied sonder om die atlete se winters programme te ontwrig, maar ons glo dit sal `n groot sukses wees. Daar word tans aan die beplanning gewerk en sal so gou moontlik bekend gestel word.
- Tweekamp is steeds die land se top Familiesport en ons glo en vertrou die sport sal nog hoër hoogtes gaan bereik - ons moedig u aan om saam u kind of kleinkind deel te kom neem volgende seisoen.
- Die SA 2023 is aan WP toegeken en sal heel waarskynlik oor Paasnaweek in of Stellenbosch of Nuweland/Groenpunt aangebied word.
- Ek wil namens myself u dank vir `n wonderlike seisoen, bystand en samewerking - sonder u en ons atlete sal hierdie sport nie kan bestaan.

**Vir enige navrae kan Dave van der Walt [082 7734 901] of Stephnie McKay [082 9884 439] gekontak word.**

Voorspoedige seisoen!

**Stephnie McKay**
**Voorsitter**

**Dave van der Walt**
**Operasionele Bestuurder**